Kom geniet ‘n Vrugtefees saam met die Heilige Gees

Tema 3 – Die Vrug van die Gees is Vreugde en Vrede

Uitkoms

Kinders ervaar God se vreugde en vrede in hul lewens en leef dit uit.

Inleiding – Poppekas

Kyk saam na die poppekas video van Sjef Fruity & Arabella.
Youtube - https://youtu.be/L7S3AzErBnM (ongeveer 9.75MB / 02:15)

Boodskap – Oom Chris

Kyk saam of luister saam na die video of mp3-file van vandag se boodskap deur oom Chris.
Youtube - https://youtu.be/O0WPi0w0ra0 (ongeveer 12.9MB / 09:44) OF
MP3 - http://www.parke.co.za/kinderpinkster2020/boodskap03.mp3 (1.06MB / 09:19)

Memoriseervers

Galasiërs 5:22-23 “Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing.”

Aktiwiteit

VREUGDE – 1 Tessalonisense 5:16

Begin by nommer 1 en volg met jou vinger na die volgende letter. Gaan dan na nommer 2 en volg weer met jou vinger na die volgende letter. Gaan nou aan by nommer 3. Kyk of jy dan die versie kan neerskryf. Die eerste twee letters is ingeskryf. Hierdie vers staan in 1 Tessalonisense 5:16. Sê vir mamma of pappa die versie op sodat jy kan wys dat die Heilige Gees in jou woon deur sy vreugde uit te leef.



VREDE - Papierbord-duifie

Vra vir mamma vir 'n papierbord.



Vra vir mamma om te help om die lyne af te trek op die papierbord.

Knip uit.

Plak die 2 vlerke onder aan mekaar vas.

Teken 'n gesiggie vir jou duifie.

Plak die vlerke agter teen die duifie se lyfie vas.

Maak gaatjies in die bopunt van die vlerkies en knoop 'n lintjie daaraan vas.

Hang dit in jou kamer of in jul sitkamer sodat jy kan wys dat die Heilige Gees in jou leef deur sy vrede uit te leef.